



...om lief te hê **Matteus 22:34-40**

Matt 22:34-40

Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom. en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek., "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

Vraag:

Wat het jy lief? Wat is jou diepste verlangens? Wat wil jy hê? Hierdie is van die mees fundamentele vrae in die lewe en in die lewe van 'n kind van God.

Wanneer Jesus met sy volgelinge, sy discipels en ook met die Fariseërs hier in Matt 22 praat, vra Hy nie vir hulle wat hulle glo en wat hulle bely nie. Hy toets nie hulle kennis van God en die wet nie. Hy begin met hulle praat oor wie en wat hulle liefhet.

Jy is dit wat jy liefhet

Die filosoof en teoloog, James Smith, wys in sy boek "You are what you love" op die belangrikheid van die vraag: "Wat het jy lief?" want dit is wat ons liefhet wat bepaal wat ons doen en hoe ons leef en hoe ons ons tyd en geld en gawes gebruik en wat bepaal hoe ons besluite neem ens.

Dink baie mooi en eerlik oor die vraag: "Wat het jy lief?"

Ons is gemaak om lief te hê. Dit bely Augustinus, teoloog, filosoof en Biskop uit Noord Afrika al reeds in die 5e eeu nC as hy sê: "God het ons vir homself gemaak, en ons harte sal rusteloos bly, totdat ons in Hom rus vind." Ons is gemaak vir God, om God lief te hê en lief te hê wat God liefhet. En totdat hierdie liefdes in ons lewens nie bely met God se hart en sy liefde nie sal daar in die mens altyd onrus wees. Ons is gemaak om lief te hê, die vraag is: "Wat het ek lief?" Ek is in 'n groot mate dit wat ek lief het.

Die hart is 'n interne kompas waar dit wat ons lief het ons magneties rig. Ons gedrag word bepaal deur dit wat ons liefhet. Smith wys daarop dat gewoontes soos kalibrasietegnologiewerk die gewoontes

wat ons beoefen beïnvloed dit wat ons liefhet en rig ons lewens in 'n bepaalde rigting. Sommige gewoontes miskalibreër ons harte na 'n valse Noord. Gewoontes kan ons rigting positief en negatief beïnvloed. Ons benodig gewoontes wat ons wys op die waardes van die evangelie en die koningkryk van God (ware Noord).

Augustinus:

“My weight is my love. Wherever I am carried, my love is carrying me.”

Our orienting loves are like a kind of gravity – carrying us in the direction to which they are weighted.”

Dink vanoggend na oor die invloed van die verbruikerskultuur op dit wat ons liefhet. Hoe dit ons vorm en ons liefde rig en bepaal.



Liefde is 'n waarde wat ons kan inoefen

Liefde is nie 'n wollerige, emosionele ervaring en gevoel nie. Liefde is 'n waarde en iets wat in mense gevorm word en kan groei en toeneem. Dit is iets wat bewustelik en onbewustelik in my vorm aanneem.

Vrae om oor na te dink

Dink na oor jou persoonlike gewoontes en praktyke. Goed wat daaglik en weeklik/maandeliks deel van jou lewensritme is.

Skryf dit neer.

Maw neem 'n oudit van jouself en die gewoontes en praktyke in jou lewe.

Dink na oor julle gesin/familie se gewoontes en praktyke.

Dink na oor ons gemeente se gewoontes en praktyke.

Vra nou die vraag oor elkeen van hulle: Wat sê dit oor wat en wie ek/ons liefhet?

Watter geloofsgewoontes en ander gewoontes kan ek in my lewe inbring/inoefen wat liefde vir God, liefde vir myself en liefde vir my naaste kan laat toeneem?

Notas:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....